**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 15: DIE ARBEIDSMAG VAN SUID-AFRIKA** ***MEMORANDUM***

**1 Watter soort werksaktiwiteite is bestaansaktiwiteite?**

Dit is ekonomiese aktiwiteite wat slegs oorlewing moontlik maak, byvoorbeeld huiswerkers, straatsmouse en tuisgebaseerde besighede.

**2 Waarom is dit wenslik dat ’n ekonomie ’n groot hoeveelheid mense tussen 15 en 65 jaar oud sal hê?**

Hierdie ouderdomsgroep vorm die werkerskorps wat die goedere en dienste kan produseer wat die gemeenskap benodig.

**3 Waarom is dit noodsaaklik dat mense wat kan en wil werk in die arbeidsmag opgeneem word?**

As hierdie mense werk het, maak hulle ’n bydrae tot produksie en kan hulle vir hulleself sorg.

**4 Waarom is dit vir mense wat ongeskoold en laaggeskoold is moeilik om werk te kry in ’n moderne ekonomie?**

’n Moderne ekonomie het ’n groot tersiêre sektor wat ’n hoë vlak van opleiding van werkers vereis.

**5 Wanneer word ’n persoon wat nie ’n werk het nie, amptelik as werkloos beskou?**

Wanneer die persoon in die voorafgaande sewe dae nie ’n werk gehad het nie, kan werk en wil werk en aktief werk soek.

**6 Watter instansie stel statistieke met betrekking tot arbeid saam?**

Statistics South Africa.

**7 Hoe beïnvloed vakbonde en arbeidswetgewing werkverskaffing?**

Vakbonde se looneise en die voorskrifte van arbeidwetgewing, beperk die indiensname van arbeid.

**8 Wat is die verband tussen bevolkingsgroei en werkverskaffing?**

’n Ekonomie moet so bestuur word dat die groei in die bevolking in die arbeidsmag opgeneem kan word. In Suid-Afrika is ekonomiese groei laag en die addisionele werkers kan nie in die arbeidsmag opgeneem word nie, wat werkloosheid ’n permanente toestand maak.